


## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

**BESTE FONTIE**

Nog voor ons, ons oë uitgeveë het, is die eerste paar maande van die jaar al verby en ons gee die eerste tree in die tweede semester in.

Die eksamen het sy unieke uitwerkings op elkeen gehad. Party het lig daarvan afgekom, party treur oor hul punte, sommige juig, want hulle voel hulle kan hul tyd beter bestee en ander voel weer oorweldig.

Ek hoop julle het tydens die kontakvrye week ŉ geleentheid gehad om te rus. Dit is belangrik om van tyd tot tyd ŉ blaaskans te neem. As ek terug dink aan die eerste semester, voel dit of ons hierdie jaar vol spoed met hierdie resies begin het.

Ons betree tans die tweede deel van hierdie resies. Dus moet ons stamina opbou, want daar lê nog ŉ lang pad voor.

Ons moet aan ons samehang as ŉ gemeenskapsuniversiteit bly werk, bou en bevorder. As die eerste deel van die resies jou fisies benadeel het, moet nie moed op gee nie. In hierdie tweede helfte kan daar nog baie gebeur, dit is nie hoe jy begin nie, maar hoe jy eindig.

In ŉ wedloop soos dié is wilskrag uiteindelik net so belangrik soos spierkrag. Om in moeilike omstandighede vas te byt en deur te druk verg baie van ŉ mens – fisies én psigies. Maar as ons bly saamwerk as ŉ span, is daar by my geen twyfel dat ons die uitdagings wat ons in die gesig staar, te bowe sal kom nie.

Sterkte vir die tweede semester, geniet dit, en kyk mooi na jouself. Lekker lees aan hierdie uitgawe.



*Groete*
**ELISMA VAN DER WATT**







## STUDENTEKALENDER

**JULIE**

**11-15** SR: Omgeeweek
**14** SR: Inligtingsessie
**20** Blitsskaaktoernooi
**21** Kuns van Studentwees

**26** Akademia-gholfdag
**28** Katanoó-klub
**30** Internasionale Vriendskapsdag
Wêreldsosialemediadag


## LEKKERLEESARTIKELS VIR DIE TWEEDE SEMESTER



Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur van Fontiepos, het navorsing gedoen oor hoekom goeie punte op universiteit belangrik is en sy verduidelik hoe dit in die toekoms baie voordelig vir jou kan wees. **Lees meer hier.**



Tussendeur jou besige program, moet jy soms ŉ blaaskans neem. Leani Smith, nuusredakteur van Fontiepos, deel top films om te kyk. **Lees hier vir meer.**




Hoe goed ken jy die Akademia-personeel? Hier is vyf vinnige feite oor drie van die personeel. **Lees meer hier.**






Solidariteit vier hul 120ste bestaansjaar. **Lees hier** wat Elisma van der Watt, redakteur van Fontiepos, skryf oor hierdie feesvieringe.

## FONTIEFLATER

Fontie verneem dat die ouditorium op kampus nie net vir studie aangewend word nie. Sommige studente sit die pot mis (of is dit nou die vullisblik?) en dan word die oudit ook 'n varkhok. Fontie hoop nou maar net dat hierdie skimp die varke tref.

Die oudit bring darem ook die waarheid in mense uit. Daar is blykbaar al 'n paar bekentenisse tussen daardie vier mure gemaak. Die waarheid kom nou ook hier uit. Onthou jy nog hoe jou ma jou gewaarsku het dat jy nie 'n man of vrou gaan kry as jy op die tafel sit nie? Sy moes jou dalk ook gewaarsku het dat 'n tafel kan breek. Kafeteriakos is mos lekker!

Daar is dalk van die Fonties wat die opvoedingsideaal verkeerd verstaan het. Jy kan nie fliek kyk terwyl in die klas sit nie. Jou dosent is soos jou ma. Sy het oë agter haar kop. Gepraat van flieks en feeverhale, Fontie hoor dat daar 'n Gouelokkies is wat die Bere se stoele in lokaal E uittoets. Watter stoele sit nou lekkerder? Die bruin of blou stoele met die leunings wat omgeruil is?

Mag al ons Fonties hulle sit kry vir die studie in die tweede semester.

Laat weet gerus vir Fontie van die nuus agter die nuus sodat ons almal tussen die lyne mag lees. Deel jou bydrae tot Fontieflater hier.

## SO SÊ ŉ ALUMNI VAN DIE NAUURSE ONDERRIGLEERMODEL



*"Jou grootste bate is tyd. Hoe vroeër jy begin spaar, hoe langer het jou geld tyd in die mark om te groei en risiko te absorbeer. Maak nie saak hoe klein nie, solank jy net so gou as moontlik begin spaar."*

**NATASJA JANSEN**
BCom (Finansiële Beplanning)-toppresteerder van 2021

**STUUR ENIGE VOORSTELLE VIR NAUURSE AKSIES HIER.**

## FONTIES DEEL HUL MENING



### 1. IS STUDENTE UITGEPUT OF UITGEBRAND NÁ DIE EKSAMEN?

Vir studente is eksamens ŉ uitdagende tyd. Dit is ŉ tyd van min slaap, oorleef of te min eet. Dié tyd is ŉ daaglikse, intrapersoonlike stryd om jouself te kry om agter die boeke in te klim en daar te bly. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur van Fontiepos, deel wenke oor hoe om hierdie situasies te voorkom. **Lees hier vir meer.**




### 2. STUDENT DEEL ENTREPRENEURSWENKE

Danielle Bier, ŉ nauurse BCom (Ondernemingsbestuur)-student het tydens die grendeltyd die perfekte geleentheid raak gesien om ŉ bakery genaamd Nellas Bakery te begin. Bier se produkte is baie gewild onder Fonties. Haar "Hot Chocolate Bombs" is veral gewild. Besoek haar sosialemediaplatforms en ondersteun plaaslik. Sy woon in Pretoria en help die Fonties op die voltydse kontakmodel graag met spesiale versoeke. **Lees hier vir die volledige storie.**



### 3. DIE DOEL VAN GOEIE LEIERSKAP

In die Suid-Afrikaanse regering, waar posisie meer belangrik is as die gepaardgaande verantwoordelikhede, kan dit lei dat konsepte soos leierskap vervaag word, sê Daniël Langner, kultuurredakteur van Fontiepos. Leierskap, in die Suid-Afrikaanse konteks, word gelykgestel met status. Die één konsep, wat kern is tot die volhoubare bestuur van Suid-Afrikaanse hulpbronne en sake, word vervreem. Misbruik van hierdie leierskapsposisies kan verder lei dat 'leierskap' sy eintlike betekenis verloor. Lees Langner se meningstuk **hier**.



### 4. DIE PRYS VAN VRYHEID: VERANTWOORDELIKHEID

Om ŉ student te wees is vir meeste mense is ŉ tydperk van sorgvrye dae en laat aande. Vir die meeste mense is studentwees die liminale spasie tussen skool en die korporatiewe wêreld – ŉ terugvalplek teen onsekerheid vir die toekoms. Daar is egter baie verskille in die 'wees' van studentwees tussen nou en vroeër jare. Daniël Langner, kultuurredakteur, vergelyk studentwees van die verlede teenoor hoe dit tans is, in hierdie meningsstuk. **Lees hier vir meer.**



### 5. FONTIES VIER KULTUUR EN GESKIEDENIS MET CANTUS

Op 10 Junie 2022 was die eerste Cantus by die Voortrekkermonument op Fort Schanskop gehou, alhoewel daar orals in Suid-Afrika, en wêreldwyd, hierdie tradisie volgehou word. Talle Fonties en studente van ander instellings het dié geleentheid bygewoon waar hulle saam gesing het.



Weet jy waarvandaan Cantus kom? Die Cantus-tradisie het eers begin by Duitse universiteite wat ŉ nasie-aanvoeling begin kry het en ŉ trots ontwikkel het oor die universiteit, en oor die algemeen hul land. Dit het later na ander lande in Europa oorgeloop, en Suid-Afrika wat Europese bande gehad het, het ook hierdie tradisie gevier. Cantus is egter nie ŉ geleentheid wat met ŉ droë keël en sang geassosieer kan word nie, maar ŉ byeenkoms wat met soet melodieë en bier gevier word. **Lees die volledige artikel hier.**




### 6. NAUURSE BELLVILLE-STUDENT INSPIREER

Braam van Eden, ŉ nauurse student by die Bellville-studiesentrum, staan nie terug vir uitdagings nie en wag nie vir geleenthede om hom voor te val nie. Bo en behalwe die feit dat Van Eden ŉ BCom (Ondernemingsbestuur)-student is, is hy ook ŉ huweliksmaat, ŉ pa van twee skoolgaande kinders, ŉ projekbestuurder en hoof van die Wes-Kaapse bedrywighede by ŉ maatskappy in Kaapstad. **Lees hier om sy meer oor sy suksesse te lees.**



### 7. 'N MASKERVRYE LEWE

"Covid-19", "isolasie", "kwarantyn" is maar net drie algemene woorde wat die afgelope drie jaar in ons woordeskat daagliks gebruik was. Wel hier is goeie nuus! Jy kan maar jou gesigmasker in die drom gooi. Die beperkings op byeenkomste en die vereiste om ingeënt te wees om Suid-Afrika binne te kom is ook laat vaar. Joe Phaahla, minister van gesondheid, het die regulasies gepubliseer. **Lees meer hier.**




### 8. INTROVERTE MOET JUIS DIE WERK IN NETWERK BEKLEMTOON

Of jy nou ŉ entrepreneur is of vir ŉ groot maatskappy werk, jou sakenetwerk is die lewensaar wat jou onderneming laat groei en jou reputasie laat gedy. Maar hoe bou jy ŉ goeie sakenetwerk as jy van nature ŉ introvert is? Dis vir introverte harde werk om te sosialiseer en as hulle van hierdie belangrike element wegskram, kan dit tot nadeel van hul onderneming wees.

**Lees hier vir meer wenke en riglyne.**



### 9. FONTIES GEE OM

Akademia begin die jaar met ŉ splinternuwe tradisie naamlik Omgeeweek. Hierdie week sal vanaf 11 tot 15 Julie by Akademia se Centurion-kampus en by studiesentrums plaasvind. Die week gaan bestaan uit verskeie aktiwiteite wat gaan bydra om geld in te samel vir Helpende Hand se Ons Winkel. CANSA gaan kom gesig wys asook die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD). Daar gaan ook kompetisies gehou word met pryse om te wen. "Die idee agter die Omgeeweek is om bewusmaking te skep binne die gemeenskap oor die groot verskil wat dit kan maak as ons omgee vir mekaar," vertel Kara Durie, SR-lid vir gemeenskap by Akademia.

**Lees hier vir die volledige storie.**










BESOEK
**DIE WINKEL OM NOU JOU TRUI TE KRY**

*Klik hier*

## ONTMOET DOUARD D'ASSONVILLE NUWE STUDENTESAKEKOÖRDINEERDER

Akademia se handel het versterk met die aanstelling van ŉ nuwe studentelewe-koördineerder wat sedert 1 Junie 2022 sy plek volstaan. Douard d'Assonville is, ambisieus, ŉ natuurliefhebber en ŉ Karoo-seun wat verskeie leierseienskapsposisies op universiteit beklee het. Hy sal verantwoordelik wees vir enige take en pligte binne die Studentesakeafdeling, waar hy onder andere deel gaan wees van die projekkoördinering van die studentementorskapsprogram, sowel as die ontwikkeling van die studenteondersteuningsprogram. **Vir die volledige storie klik hier.**



